# Hoofstuk van die dag: Matteus 13

> *Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het. (vers 31)*

Die Here Jesus praat hier oor die koninkryk, en vergelyk dit met 'n mosterdsaadjie, die kleinste landbousaad van sy dag,

onaansienlik, amper ignoreerbaar. God het nie groot en blink en opspraakwekkende dinge nodig om sy koninkryk te laat groei nie. ’n Mosterdsaadjie is vir Hom genoeg. Of ’n bietjie suurdeeg (vers 33).
Ons dink nie eintlik so nie. Baie gelowiges vereenselwig sukses met groot of blink of magtig of invloedryk of ryk of baie. Groter gemeentes, dinamiese leiers, baie aksies, ’n vol kerkprogram …
Jesus herinner ons dat God nie noodwendig groot en imposante en super Christene nodig het in sy koninkryk nie. Jy is vir Hom genoeg. Want vir die groot en wonderlike en indrukwekkende van die koninkryk sorg Hý. Hý gee die groei. Hý verander mense. Nie ek en jy nie.
Ek en jy, nietig soos ons is, is vir God genoeg. Hy sal sy koninkryk in hierdie wêreld vestig en uitbou deur ons. Mits ons natuurlik in Hom geanker is, Hom volg en toelaat dat Hy deur ons werk. Want dis die geheim van die koninkryk: dit kom deur God.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026